



Lêerno.: 19/2/1
Verwysing: 20240911-6675

Assesseringsbestuursminuut: 0018/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Deelname aan die ondertekening van 'n belofte en verbintenisoreenkoms met betrekking tot die skryf van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen vir 2024

1. Die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen word ingevolge die *Regulasies betreffende die afneem, administrasie en bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen* geadministreer, gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 31337 van 29 Augustus 2008, soos gewysig op 30 April 2019, wat van toepassing is op openbare en onafhanklike assesseringsliggame wat die Nasionale Kurrikulumverklaring, graad R tot 12, assesseer en eksamineer.
2. Enige afwyking of oortreding van die regulasies deur 'n kandidaat wat vir die NSS-eksamen ingeskryf is, kan daartoe lei dat hul eksamenuitslae nietig verklaar word. Dit is dus noodsaaklik dat alle kandidate hierdie reëls en regulasies ken.
3. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) versoek dat kandidate wat geregistreer is om die NSS-eksamen in November 2024 te skryf, 'n belofte en 'n **verbintenisoreenkoms** onderteken om die gedragskode van die eksamen te gehoorsaam.
 - 3.1 Die verbintenisoreenkoms bied 'n gedetailleerde lys van die hoofreëls en regulasies betreffende die NSS-eksamen, asook 'n lys van onreëlmatighede wat tydens die skryf van die eksamen mag voorkom.
 - 3.2 Alle kandidate en hul ouers of voogde moet voor die aanvang van die eksamen die **Verbintenisoreenkoms (Bylae A)**, onderteken.

- 3.3 Die ondertekende verbintenis-ooreenkomste moet as deel van elke kandidaat se skoolrekord by die skool bewaar word.
4. Skole moet 'n afskrif van die **NSS-eksamenbelofte (Bylae B)** vir elke graad 12-kandidaat maak ter voorbereiding vir die byeenkoms in Oktober 2024. Die oorspronklike belofte sal vir die duur van 2024 se NSS-eksamen in die besit van elke kandidaat bly.
5. Die WKOD versoek skole om:
- 5.1 as deel van hul oriëntering en voorbereiding vir die skryf van die NSS-eksamen van 07 tot 11 Oktober 2024 'n byeenkoms vir alle graad 12-kandidate byeen te roep;
- 5.2 seker te maak dat graad 12-kandidate deur die prinsipaal toegesprek word oor die eksamenreëls en gedragskode, wat aan die kandidate voorgelees moet word; en
- 5.3 te verseker dat die skool/eksamensentrum se spesifieke reëlins ooreenstem met die *Regulasies* en dit met die kandidate te bespreek en dit te verduidelik. Tersaaklike kwessies wat aangespreek moet word, sluit die volgende in:
- Die berging van ongemagtigde toestelle (insluitend selfone)
 - Ongemagtigde materiaal in kandidate se besit
 - Die aankomstyd by die skool/eksamensentrum en die toelatingsprotokolle wat geïmplementeer gaan word
 - Dra van skooldrag
 - Vraestelle van onbekende bronne wat nie op WhatsApp-groepe gedeel behoort te word nie
 - Vereistes ten opsigte van skryfbehoeftes en die registrasie van toestelle.
- 5.4 Die kandidate behoort versoek te word om die belofte hardop te lees en moet dan toegelaat word om dit te onderteken.
- 5.5 Skole moet kandidate inlig dat die belofte vrywillig afgelê word, en kandidate sal nie gedwing word om die belofte te onderteken nie.
6. Daar word aanbeveel dat die belofte en verbintenis-ooreenkoms aangepas en uitgebrei word na graad 10- en graad 11-leerders om 'n eenvormige standaard vir die afneem van eksamens in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase te verseker. Die aangehegte dokumente kan vir graad 10 en graad 11 aangepas word.
7. Daar sal van alle kandidate verwag word om die **Grade 12 NSC Register for Electronic Devices (Bylae C)** te voltooi, wat deur die skool bestuur sal word. Die register sal van alle kandidate vereis om alle besonderhede van die selfoon of enige ander elektroniese toestel wat hulle gedurende die eksamentydperk, 21 Oktober tot 28 November 2024, sal gebruik, aan te teken.

8. Die samewerking van die NSS-eksamenkandidate van 2024 in hierdie verband sal op prys gestel word.
9. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van almal wat by die NSS-eksamen betrokke is.

GETEKEN: BJ LORISTON

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2024-09-16